

tydelike maatreël. NADEL en ander engelsprekende raadslede het dit ondersteun.

Die Voorsitter het egter besluit dat vanweë die uiteenlopende standpunte wat gestel is, die Instansies wat by die LSSA verteenwoordig is, dié saak weer onderling moet bespreek en dat die aangeleentheid moet oorsaan tot die volgende vergadering op 30 Julie 2002.

Intussen het die Raad van die Prokureursorde van die Noordelike Provinsies ook die aangeleentheid bespreek op 21 Junie 2002. Aangesien die BLA gebonde is aan die standpunt van hulle nasionale verteenwoordigers, kon daar nie eenstemmigheid hieroor bereik word nie maar Raadslede het behoorlike geleentheid gekry om hulle standpunte testel.

In hierdie tydperk waarin ons probeer om 'n Wet op Regspraktyk daar te stel wat eenheid in die professie en die belange van prokureurs sal bevorder, kan ons nie verdeeldheid oor taalkwessies bekostig nie.

JAN STEMMETT
PRESIDENT

WEER IETS OOR UITSLUITING VAN AANSPREEKLIKHEID EN STARE DECISIS

In die Junie 2002-uitgawe van *OrdeNuis* op bladsy 8, bespreek ek die uitspraak van die Hof in die saak van *STRYDOM V AFROX HEALTHCARE BEPERK [2001] ALL SA 618*. Ek gee dadelik toe in die artikel dat ek nie weet wat presies die grondslag is van die Regter se bevinding nie. Ek wys egter daarop dat hierdie uitspraak van 'n enkel Regter is, maar dat dit 'n aandruiding is daarvan dat ons Howe nie wegskram daarvan om die bepallings van die Gemeneereg te ontwikkel in die lig van die bepallings van die Grondwet nie.

Die uitspraak van die Hof *quo* is nou tersyde gestel in die tot-op-hede ongerapporteerde uitspraak van die Hoëhof van Appél in die saak van *AFROX HEALTHCARE BEPERK en C G STRYDOM, SAAK NR 172/2001 HHA*.

In die uitspraak (paragraaf 6) wys *BRAND AR* daarop dat die Verhoorregter sekere beginsels verwar het. In paragraaf 36 van die uitspraak word daarop gewys dat verwagingsklausules soos wat in hierdie saak ter sprake is, hedendaags in standaard kontrakte eerder die reël as die uitsondering is en nie ontoelaatbaar is nie.

Wat egter van die ulterste belang is, is die bespreking deur die Hof van hoe die beginsels van *stare decisis* toepassing vind waar Artikel

39(2) van die Grondwet aangewend word om te bepaal of die Gemeneereg verander, uitgebrei of ontwikkel moet word in die lig van die bepallings van die Grondwet. Ten opsigte van die *stare decisis* beginsel, wil dit vir my voorkom asof daar verskillende moontlikhede is en ten opsigte van een van die moontlikhede kan die bevinding van die Hoëhof van Appél saamgevat word in die volgende aanhaling wat verskyn in paragraaf 29 op bladsy 25 van die uitspraak: "Die antwoord is dat die beginsels van *stare decisis* steeds geld, en dat die Hooggerogshof nie deur Artikel 39(2) gemagtig word om van die beslissings van hierdie Hof, hetsy pre- of post-konstitusioneel af te wyk nie. Artikel 39(2) moet sadingeles word met Artikel 173 van die Grondwet."

Dit is nou baie duideliker oor hoe 'n laerhof te werk moet gaan om die Gemeneereg aan te pas, te verander of te ontwikkel aan die hand van die bepallings van die Grondwet waar uitsprake van die Hoëhof van Appél (voorheen die Appélhof) bestaan wat oënskynlik 'n aanpassing regverdig.

DANIE OLIVIER
RAADSLID

CONTINGENCY FEE AGREEMENTS

It was, upon recommendation of the Court Practice Committee of the Law Society of the Northern Provinces, resolved by the Council on 23 February 2001 to support the principle of a percentage contingency fee.

After further careful consideration, which included taking opinion as to whether attorneys would be entitled to enter into valid contingency fee agreements in terms of the common law, notwithstanding the enactment of the Contingency Fees Act, 66 of 1997, it was resolved by the Council of the Law Society, on 21 June 2002, to accept:

1. Common law Contingency Fee Agreements may be validly entered into by Attorneys. That the Contingency Fees Act does not proscribe such agreements. It must however be accepted that such agreements will continue to be keenly scrutinised by the Courts. Such scrutiny by the Courts may even be

raised *mero moto* by the Court.

2. A common law contingency fee agreement should meet the following criteria:

2.1 It should relate to a genuine case of assisting an impecunious client to assert his rights. Impecunious does not mean totally indigent but in context it would refer to someone who, due to lack of means, is unable to assert his right to relief in the Courts; and

2.2 The attorney's remuneration must be fair; and

2.3 The agreement must not amount to gambling, speculation or trafficking in litigation.

3. The reasonableness of the percentage of the monetary proceeds retained as a success fee will be measured according to various criteria some of which are to be found in the opinion, but it seems more than

likely that a Court will also have regard to the 25 % cap referred to in the Contingency Fees Act.

4. The restrictions to be found in the Contingency Fees Act will probably resonate in various guises in judicial scrutiny of a common law contingency fee agreement.

Colleagues may therefore henceforth enter into success / common law contingency / percentage contingency / contingency fee agreements in the knowledge of the acceptance by the Law Society of the Northern Provinces of such agreements. A step forward? For sure!

CP FOURIE

VICE PRESIDENT OF THE LAW SOCIETY OF THE NORTHERN PROVINCES

CHAIR PERSON OF THE COURT PRACTICE COMMITTEE